21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Beauty and the Beast

## 1 Samuel 16:1-13

*Die prins is vervloek tot sy monster bestaan alleen in 'n kasteel. Hy het volgens die uiterlike geoordeel, en nie na die skoonheid van binne gekyk nie.*

*Dit is ook wat gebeur het toe Samuel uit die seuns van Isai 'n koning moes salf. Dawid was nie eens op die kortlys nie. Hy was in die veld besig om skape op te pas. Maar die Here kyk na die innerlike, nie na die uiterlike nie. (v7)*

*Iewers tussen Belle en die ondier word sy innerlike mooi gemaak. Wanneer die aantreklike en arrogante Gaston, wat met Belle wil trou, vir haar sê dit lyk of sy gevoelens vir die ondier het, antwoord sy: "Hy is nie die ondier nie, jy is."*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Ware skoonheid lê aan die binnekant. Hou jou binneste mooi, en soek die mooie in ander se innerlike.*
*(Bybel 24/7)*